Towerlantern Fotografie

fotografienuus

april 2019

"Luim ... luim ... luim"

Lensopening: f2.8; Sluiterspœd: 1/400 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Almal sal waarskynlik saamstem: die herfs is hier. As jy nie saamstem nie, het jy nie onlangs vroegoggend jou kop by die deur uitgesteek nie, en het jy dus nie gevoel dat daar al 'n koeligheid in die lug is nie.

Ons het voorheen al oor luim (Engels: *mood*), ook stemming of atmosfeer genoem, in foto's gesels. Dit is egter so 'n belangrike saak in fotografie dat ons gereeld daarnatoe wil terugkeer – dit gee immers trefkrag aan jou foto's. Die foto op die voorblad toon een moontlikheid om luim in 'n foto te bewerkstellig. Ons gee verder aandag aan hierdie saak.

Lees verskillende sake in hierdie *Fotografienuus*; beslis ook oor wat Frans van Heerden uit Koeweit oor fotografie daar skryf.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!
Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Die voorbladfoto toon 'n infokus driehoekige voorgrondtoneel met 'n uitfokus driehoekige agtergrondtoneel.

'n Paar dinge kan oor dié foto gesê word:

- ✓ Die voorgrond en agtergrond staan in 'n sterk kontras teenoor mekaar.
- ✓ Die onskerp agtergrond skep 'n gevoel van diepte, en dus driedimensionaliteit.
- ✓ Die groot verskil in skerpte tussen die voor- en agtergrond word verkry deur-dat daar van 'n groot lensopening gebruik gemaak is, naamlik f2.8, vir 'n vlak velddiepte.
- ✓ Daar is 'n sterk gevoel van atmosfeer in die foto en dit word verkry deur die gebruik van 'n groot lensopening.

Uit dié genoemde sake volg daar een groot boodskap: Skep luim in jou foto's. Dit sal 'n kyker altyd nader lok. Ons sal verderaan gesels oor verskillende tegnieke om luim te kry. En ons sal ook riglyne gee vir een so 'n tegniek, naamlik vlak velddiepte, soos in die voorbladfoto.

Luim
IN FOTO'S

Die begrip *luim* (of ook *stemming*, volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) is 'n gevoel of gemoedstoestand by 'n persoon op enige gegewe tydstip. Luim kom na vore in die literatuur, in musiek en ook in ander kunsvorms, waaronder fotografie. Enkele voorbeelde van luim is opwinding, plesierigheid, troosteloosheid, verlange en verwondering.
Probeer om met luim 'n sekere gemoedstemming by die kyker van jou foto's te skep. Die vraag is wel hoe om luim in foto's te skep.
Andrew Gibson gee in *"Eight magical methods for adding mood to your photos"* agt wenke.
Raadpleeg hiervoor:
https://bit.ly/2pOqJ4b

Ons gee Gibson se agt luimskeppende tegnieke soos volg weer:

- ✓ Gebruik 'n groot lensopening.
- ✓ Maak gebruik van onder- of oorbeligting.
- ✓ Speel rond met die witbalans.
- ✓ Neem foto's teen die lig in.
- ✓ Fotografeer sonsopkomste of -ondergange.
- ✓ Gebruik 'n lang sluiterspoed.
- ✓ Neem foto's in monochroom.
- ✓ Voeg tekstuur by.

As jy jou kamera ken, sal jy weet hoe om te werk te gaan. Ons gee die volgende hulp vir dié tegnieke wat met kamera-instellings te doen het:

- ✓ Lensopening: Kies 'n groot lensopening, byvoorbeeld f5.6.
- ✓ Onder- of oorbeligting: Gebruik die ligmeter-liniaal.
- ✓ Witbalans: Begin met outomaties, AWB, maar gaan verder.
- ✓ Sluiterspoed: Gebruik byvoorbeeld 1 sekonde, vir wasigheid.
- ✓ Monochroom: Bestudeer jou kamera se moontlike filters.

Die skrywer Frank Myrland vra in sy artikel "How to capture mood and atmosphere in your photos?": Why is it so difficult to capture the cozy ambiance of a cafe in a picture? Or the casual atmosphere of a warm bonfire with friends on a summer night? Learning how to capture mood and atmosphere of a scene is a skill that is elusive for many photographers. Lees sy antwoord by https://bit.ly/2IQO6Lm

Towerlantern Fotografie
– april 2019 –

Riglyne vir luim in foto's

Met hierdie rubriek – en soortgelykes in die verlede, en hopelik in die tœkoms – wil ons jou graag help om met meer sekerheid jou kamera te kan "bestuur". Laat weet ons as jy oor enigiets wonder en ook as jy riglyne van hulp vind.

Vir die dœl van hierdie riglyne gesels ons spesifiek oor die keuse van 'n vlak velddiepte:

- ✓ Portret-/Landskapformaat: Laat die toneel die formaat bepaal.
- ✓ Driepoot: Soos altyd is dit beslis nodig vir skerp foto's.
- ✓ ISO: Hou die ISO op 'n læ waarde en mœnie daaraan rondkarring nie. Verhoog die waarde slegs as jy die foto ligter wil maak sonder om aan die lensopening of sluiterspœd te verstel.
- ✓ Witbalans: As jy wonder, kies aanvanklik AWB (Engels: *auto white balance*), maar eksperimenteer self verder.
- ✓ Keuse van fokuspunt: Dit hang af van die toneel; beprœf ook hier verskillende moontlikhede. Die foto hierby toon 'n omgekeerde toneel wat duidelik nie werk nie omdat die boom te takkerig is.
- ✓ Lensopening: Omdat die velddiepte baie vlak mœt wees, is 'n groot lensopening belangrik.
- ✓ Sluiterspœd: Gebruik die liniaalfunksie. Pasop vir oorbeligte foto's. Neem dus veiligheidshalwe 'n paar verskillende foto's.
- ✓ Fyn fokussering: Voordat jy begin om foto's te neem, mœt jy nog weer kontroleer dat jy gœd gefokusseer het. Gebruik hiervoor die fokussering-"vergrootglas".

Towerlantern Fotografie
– april 2019 –

HOE LIASSEER JY JOU FOTO'S?

Een van ons fotografiestudente, Lydia le Roux, dœn navraag oor 'n gœie manier om foto's te liasseer.
Natuurlik sal meeste fotograwe meen sy/haar werkwyse is die beste. En sommiges sal vinnig sê: Dœn dit volgens temas. Laat dit so wees. My persoonlike mening is wel om nie my foto's volgens temas te liasseer nie. Die een nadeel daaraan verbonde is dat foto's wat op een dag geneem is dan nie noodwendig bymekaar is nie.
Ek gee die volgende persoonlike werkwyse:

- Ek liasseer al die foto's van 'n bepaalde dag in 'n enkele vouer met die datum as titel, byvoorbeeld 2019-04-01.
- Ek liasseer vervolgens elke maand se foto-dagvouers in 'n enkele maandvouer met die maandnommer as titel, byvoorbeeld 2019-04. (Let wel, nie die maandnaam nie, want dan staan die vouers nie chronologies nie, maar alfabeties.)
- Ek liasseer laastens die jaar se maandvouers in 'n enkele jaarvouer met die jaartal as titel, byvoorbeeld 2019.

Voorbeeld: So is die voorbladfoto, IMG_1560, gestoor in vouer 2019-03-20. Ek vind dat hierdie metode vir my die heel beste werk en ek kan gewoonlik 'n foto relatief vinnig opspoor.

Ek kan ook die volgende nœm (en ek neem die ge-nœmde foto IMG_1560 as voorbeeld):

- As ek dié foto verwerk, dan nœm ek dit IMG_1560a.
- As ek dié verwerkte foto sou verklein (byvoorbeeld om dit vir iemand te stuur of om dit op Facebook te plaas) nœm ek dit dan IMG_1560a_klein.
- As ek die verwerkte foto's so benœm, dan staan al die variasies van IMG_1560 steeds in 'n vouer bymekaar.
- As ek klaar is, sœk ek ook nog uit elke dag se kwota foto's die beste een of twee foto's en herbenœm dié dan as Foto_IMG_1560a_klein. Dit het die voordeel dat dié foto dan heel aan die begin van die vouer staan en dat dit dan sommer ook uitstaan vir latere gebruik (byvoorbeeld vir 'n PowerPoint-aanbieding).

Towerlantern Fotografie
– april 2019 –

Mensmodelle

Hœ sœk jy?

Ons het verlede maand in 'n bespreking met bogenœmde titel, die volgende genœm:

Dit mag mœilik wees om 'n geskikte mensmodel te identifiseer, maar mœnie te gou mœd verloor nie. Dis deel van die fotografiese proses. Werk jou eie styl en werkwyse self uit.

Vir 'n niefotografiese œfening, dœn die volgende: Gaan sit op 'n bankie in 'n mall, kyk die verbygangers deur en sœk jou modelle. Jy sal verbaas wees hœ min talent jy sal sien!

Towerlantern Fotografie
– april 2019 –

Tot sover verlede maand se nota: Dit is presies wat skrywer onlangs gedœn het. Hy het in 'n mall met sy kamera op 'n driepoot gesit – wel nie om werklik 'n model te identifiseer nie, maar om bloot net te sit en "speel". Die foto toon een van ongeveer 10 soortgelyke foto's.

Die speletjie het nie baie lank geduur nie, tœ is daar skielik 'n veiligheidswag. Hy wou weet wat gedœn word en wat op die kamera se LCD-skerm is. Gelukkig kon hy redelik maklik en gou afgeskud word – en is hy daar weg.

Die boodskap is: Mœnie in openbare plekke net op die uitkyk wees vir skurke nie; maak ook seker dat jy nie met 'n kamera op 'n driepoot betrap word nie! WANT: As dit 'n selfoonkamera was, sou geen haan daarna gekraai het nie!
Opmerking: Lees ook verderaan Frans van Heerden se verhaal in dieselfde verband.

OM TE SNY OF NIE?

Die vraag kan gevra word: Hœ mœt jy jou foto's sny (Engels: *crop*) en mag dit?

Ons maak opsommenderwys die volgende opmerkings oor hierdie saak:

- **Dit is nie verkeerd om aan jou foto's te sny nie.** Trouens, dit is eintlik 'n mœt dat jy lastige items op die rand van 'n foto behoort weg te sny. En selfs ook dat ander groter items weggesny word. Só verbeter jy jou foto's.
- **Daar is nie 'n "regte" en 'n "verkeerde" formaat nie.** As jy byvoorbeeld van jou reghœkige foto's stroke wil wegsny om panorama- of vierkantige foto's te maak, dan het jy die volste reg om dit te dœn. Mœt net nie jou komposisie opsnipper nie!
- **Daar is vir opdragfoto's wel 'n beter formaat.** Die foto's wat plaaslike studente instuur as opdragte, word saamgestel in 'n PowerPoint om op 'n TV-skerm gewys en bespreek te word. As dié foto's die formaat van 'n TV-skerm het (wat tipies dieselfde is as 'n rekenaarskerm), dan vul dit die skerm tot op sy maksimum – en dit maak die grootste indruk op die kyker.
- **Daar mœt nooit aan foto's se lengte-tot-breedte-verhouding getorring word nie.** Dis gœd om aan foto's te sny, dit te vergroot, selfs te verklein, maar mœt dit net nooit rek (Engels: *stretch*) nie. Ons sê weer: mœt dit nooit rek nie, want dit lyk aaklig en onprofessioneel. En as jy eers daarvan bewus geword het, sal jy sien hœ veral PowerPoint-skyfies meermale gerek word.

TOWERLANTERN-UITSTALLING: *September 2019*

Vir alle lesers, maar in die besonder vir nuwe lesers, Towerlantern Fotografie hou later vanjaar 'n foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum.
Jy word nou al uitgenooi om werke voor te berei vir hierdie uitstalling.
Neem ook kennis van die volgende:

- Die duur van die uitstalling is van 3 tot 30 September 2019 (gedurende Aardklop, wat van 24 tot 28 September is).
- Die deelname-onkoste per persoon sal ongeveer R100 wees.
- Begin beplan – finansieel en fotografies. Begin dink in terme van eie foto-onderwerpe en -ontwerpe.
- Spesifieke vereistes vir kunswerke sal later veskaf word.
- Laat weet solank as jy sou belangstel – jy verbind jou nog geensins nie.

Towerlantern Fotografie
– april 2019 –

deur *Frans van Heerden*

KOEWEIT

'n Land van vele kontraste en dubbele standaarde

Om Arabiese vroue te fotografeer

Omdat die geleenthede vir panoramas en veral natuurfotografie in Kœweit, waar ek bly, uiters beperk is, onderneem ek en 'n vriend op 'n dag 'n uitstappie en gaan sœk ons na foto's. Ons parkeer by 'n inkopiesentrum en gaan sœk iets om af te neem. Ek merk rondom 'n palmboom se stam 'n klompie klein blommetjies op en hulle vertoon baie mooi.

Ek besluit om die blommetjies te fotografeer. Met my digitale kamera en sy 24-70 mm lens buk ek af en begin foto's neem. Die volgende oomblik bestorm 'n sekerheidspersoon my en verduidelik dat dit ontœlaatbaar is. Natuurlik het ek geen begrip van wat hy verduidelik nie want hy gebruik 'n vreemde taal. Ek gee gehoor en stap kopskuddend weg. Om te probeer redeneer en te verstaan sou eenvoudig nie enige positiewe resultaat oplewer nie.

Ons stap verder aan in die hoop om 'n volgende toneel te identifiseer. Op pad loop ons ander mense raak wat rustig foto's met hul selfone neem – geen sekerheidsmense in sig nie. En ja, hulle het ook die mooi, kleurvolle blommetjies gesien en gefotografeer! Dieselfde sekerheidsmense het hulle 'n vinnige kyk gegee en weggestap. Die enigste verskil tussen ons en hulle was die swaar rekenaar met 'n stuk glas in my hand teenoor die klein plat telefoontjie in hul hande.

Dit is tabœ in Kœweit om Arabiese vroue te fotografeer. Tensy 'n mens 'n steelfoto neem of as jy uitdruklike tœstemming van die persoon kry, mag die foto nie geneem word nie – en kan jy in die tronk beland.

So sit ek op 'n dag en 'n aanvallige werkskollega draai haar kop op 'n besonderse manier waar sy naby my sit. Ek het op die oomblik geweet hier is 'n mooi foto. Ek lig my kamera en neem die foto. Tuis het ek na die beelde gekyk en verwerk – ek was reg dit is 'n mooi foto.

Nadat ek dit tot my eie tevredenheid verwerk het, het ek die foto vir haar gegee. Sy was hoogs beïndruk. Maar ek wou die foto op een van die webwerwe oplaai en dus, soos versœk, het ek haar tœstemming gevra. Sy verduidelik dat sy haar pa en haar brœrs se tœstemming benodig. As dit van haar afhang kan ek dit gerus dœn.

Na letterlik weke en vele opvolggesprekke met haar het sy laat weet ek mag dit gebruik – mits hulle weet waar en op watter webwerwe, en mits ek gekontak kan word met 'n versœk om die foto summier te verwyder.

advertensie

BOEKBEKENDSTELLING

Komposisie en Ontwerp van Josef Steyn en Hennie Cronjé

Die bœk is 'n uitgebreide samevatting van die basiese beginsels van komposisie. Dit gaan dan verder en bespreek ook intermediêre en gevorderde beginsels.

- Verkies jy die tradisionele komposisie? Ons ondersteun jou.
- Rebelleer jy soms? Ons gee jou skietgœd.
- Is jy bereid om geykte benaderings uit te daag? Ons maak ook so.
- Ons bespreek die volgende stap as komposisie onder die knie gekry is.
- Ons kyk nuut na die aard van komposisie.

Die bœk bevat:

- meer as 600 foto's ter illustrasie en as voorbeelde
- heelwat raad oor hœ om te werk te gaan vir 'n betrokke resultaat
- en baie meer teen 'n baie bekostigbare prys

Elektroniese weergawes: R300 per kopie afgelewer in jou inboks. R250 per kopie vir grœpbestellings van 5 of meer kopieë.

Hardekopie-weergawes: Afrikaans: R480 per kopie plus aflewering. Engels: Prys op aanvraag, afhangend van die aantal bestellings.

Bestel by: josefmsteyn@gmail.com of
082 820 1883 of 045 962 1026

Towerlantern Fotografie
– april 2019 –

Die redaksie van *Fotografienuus* wil graag dié bœk van Josef Steyn en Hennie Cronjé sterk aanbeveel. Die onderstaande lys gee 'n kort samevatting van die inhoud:

- ✓ Hoofstuk 1: Basiese beginsels
- ✓ Hoofstuk 2: Intermediêre beginsels
- ✓ Hoofstuk 3: Gevorderde beginsels
- ✓ Hoofstuk 4: Die volgende stap
- ✓ Hoofstuk 5: Breek die reëls
- ✓ Hoofstuk 6: Alternatiewe klassifikasie vir komposisie

Towerlantern se volgende

EERSTEVLAK-FOTOGRAFIEKURSUS

Van die kant van Towerlantern Fotografie nœm ons graag die volgende fotografiekursus wat binnekort begin.

Ons begin DV op 9 April met die volgende aanbieding van ons nou reeds bekende eerstevlak-kursusse. As jy nog altyd gewonder het oor dinge soos *aperture*, *shutter speed*, *white balance* wat jy in tydskrifte raaklees, dan is dit nou jou geleentheid om hierdie kamerasake uit te pluis.

Ons sal jou ook help om die Afrikaanse en Engelse terminologie onder die knie te kry. Trouens, ons wil graag ook die gebruik van Afrikaanse terminologie aanmœdig.

Kom dus! Kom leer hœ om onder andere kleurvolle fotos te neem, soos die een hierby. En aan die belangstellende leser, let op dat die omgekeerde tegniek hier tœgepas is as wat in die riglyne-artikel bespreek is.

Towerlantern Fotografie

– april 2019 –